

3 Februarie Hooglied 1:1-17, (Teks: 1:15 en 16)

Jy is mooi!

Dit is 'n wonderlike voorreg om die liefde tussen man en vrou te mag belewe. So het die Here dit gemaak. 'n Man sal sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef... So ontstaan daar tussen die man en vrou 'n unieke liefdesverhouding.

Die vraag is nou of u werklik u maat so waardeer soos dit behoort. U het hom of haar gekies om u liefde te deel. Uit al die "visse in die see" het u op hom/haar besluit. Die Here lei 'n man en vrou na mekaar toe, dit weet ons. En nou het u die roeping om daardie spesifieke persoon lief te hê en werklik te waardeer.

In Hooglied, die lied op die huweliksliefde, sien ons hoe so 'n paartjie net oë het vir mekaar. In vers 15 sê die man: "Jy is mooi, my liefding. Jy is mooi, jou oë is soos duiwe". Hy sien haar wat die Here aan hom gegee het raak en dan word sy die mooiste onder al die vroue. En sy? Hoor wat sê sy in vers 16: "Jy is mooi, man wat ek liefhet, baie aantreklik". Hulle het net oë vir mekaar. En hoe meer hulle na mekaar kyk, hoe mooier word hulle vir mekaar - innerlik en uiterlik.

Hoe meer daar besef word dat die Here julle twee aan mekaar gegee het, en hoe meer u besef dat julle 'n roeping het om juis mekaar lief te hê ... hoe meer sien julle die eintlike mooi in mekaar raak.

So sal u besef: My maat is uniek. Sy of hy is uniek onder al die mense. Daar kom ruimte vir mekaar, en waardering vir mekaar. Maar dan moet u u oë op mekaar rig. Dan mag u nie loop en rondkyk na ander of mekaar met ander vergelyk nie. Niemand is tog eenders nie. Buitendien wag die duiwel net vir daardie oomblik van swakheid om 'n breuk in u liefde te slaan. Ons roeping is om "slag mooi na mekaar te kyk. Om dan ook te sê wat u in mekaar sien en u waardering gereeld teenoor mekaar uit te spreek. Die Here verwag dit van u in die verhouding wat Hy aan u gegee het. Het u dit vandag ook al vir mekaar gesê: Jy is mooi, my liefding! En het u die Here gedank vir die maat wat Hy aan u geskenk het?

Sing: Psalm 128:2

Ds. M. van Helden (Verwoerdburg-Noord)